Ons het 'n gebedskamer ingerig hier in Friemersheim en het besondere tye van die Here se teenwoordigheid beleef.

Fred gee klas op die disipelskapskool by YWAM Muizenberg.

Paula het die voorreg gehad om 'n pastorale sorg kursus in die Tsjeggiese republiek by te woon.

Ons was betrokke by verskeie interkerklike gebedsaksies soos Nations impact en Global day of prayer.

Die Go-challenge konferensie wat ons in Julie in samewerking met OM in Hartenbos aangebied het was 'n hoogtepunt.



Paula het vir 'n groep vroue in Friemersheim die Cherish kursus aangebied, wat handel oor identiteit in Christus en seksualiteit.

Fred het die kerkplanting werkswinkel aangebied
by die YWAM streekskonferensie in Namibie.
Die Here het 'n besondere deurbraak deur gebed gegee.

Ons was betrokke by die aanbied van verskeie Kairos-
kursusse, o.a. in Mosselbaai, Worcester, Muizenberg
en Potchefstroom. Fred het hom ook as 'n Kairos

hooffasiliteerder bekwaam

Ons het Mosambiek weer besoek en Fred was 'n spreker by die Yao konferensie. Daar is al sowat 300 gelowiges onder die Yao in Mosambiek!

Fred is verantwoordelik vir die werk van Ywam se kerkplanters onder die onbereiktes in Suidelike Afrika en in die werk naby Quelimane is sowat 100 nuwe bekeerlinge in die jaar gedoop.

Paula is betrokke by 'n "mothers who care" groep wat weekliks bid by die laerskool, die groepie mammas en hul gades het het ook 'n geestelike kamp vir die gr 7's aangebied.